Bundel A: Die begin

Week 02: Van Abel tot Babel

Dag 4: God se belofte (Gen 8:20-9:29)

Gebed

Raak stil voor God en vra dat, gedurende hierdie stiltetyd, Hy

- Jou hart ten volle op Hom sal laat fokus.
- Jou oë sal oopmaak vir wat daar werklik in Sy Woord staan.
- Jou hart so vol sal maak van die Gees dat daar nie plek is vir iets anders nie.
- Jou sal laat oorloop van die veugde wat jy in die Woord sal vind.

Lees deur die bril

Voor jy die teksgedeelte lees, onthou jy moet lees om die volgende oorkoepelende vrae te belig:

- *Hoe beklemtoon die skrifgedeeltes die allesomvattende heerlikheid van God?*
- *Hoe belig hierdie tekste, of ander kruisverwysings, die getroue Verlosser, Jesus Christus, se onverdiende reddende werk as jou enigste troos in lewe en sterwe?*
- *In die lig van die tekste, hoe word jy daagliks vernuwe deur die Heilige Gees en so met vreugde gevul, dat dit oorvloei in 'n Gees beheerde gehoorsaamheid van geloof en dankbaarheidslewe van liefde, wat gewortel is in die kruis van Christus en sal lei tot eer van God?*

Bybelstudie

Lees nou Genesis 8:20-9:29. Lees dan ook die teksgedeeltes by elke vraag en laat die vrae jou lei in jou oordenking van die gedeelte.

- *Wat het Noag gedoen toe alles verby was (Gen 8:20)?*
- *Wat doen God toe alles verby is? Wat het Hy toe belowe (Gen 9:9,11)?*
- *Wat is die teken van die belofte (Gen 9:14)?*
- *Deur wie onderhou God die belofte (Kol 1:16-18)?*
- *Hoe gebruik Jesaja die beeld van die reënboog om God se liefde te beskryf (Jes 54:9-10)?*
- *Steek die Bybel die geloofshelde se sonde weg (Gen 9:20)?*

Lof en aanbidding

- Lees die gedig as lofprysing (of gebruik enige ander vorm van lofprysing – lees 'n Psalm, sing of luister na 'n gepaste geestelike lied).

Die reënboog

Toe Noag en sy gesin die ark verlaat,
was ‘n offer aan God hul eerste daad. (Gen 8:20)

Seisoene, dag en nag, sal altyd bly bestaan:
julle sal nie weer met ‘n vloed vergaan.
En wanneer die reënboog verskyn in prag,
onthou dan My belofte bly altyd van krag. (Gen 9:9-11)

Die reënboog

Maar ook vir joú is die reënboog boodskap nog van pas.

Ja, jy liewe leser, jy is ook van jou sonde skoon gewas. (I Pet 3:21-22)

So seker as wat die reënboog in die wolke verskyn,

so seker sal My liefde vir jou nooit verdwyn. (Jes 54:9,10)

Sluit af met gebed

Gebruik dit wat jy sopas ervaar het om tot God te bid.

As jy riglyne nodig het, gebruik die volgende:

- Prys God vir sy grootheid en gee aan Hom alle eer.
- Bely jou swakhede.
- Dank Hom vir wat Hy vir jou gedoen het.
- Doen voorbidding vir jou en die mense om jou.